

**9 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 14  
Fokusgedeelte: Romeine 14:17**

### **Die goeie nuus van God se koninkryk**

Dit is goeie nuus om in Romeine 14:17 iets oor die koninkryk van God te lees, want as jy die goeie boodskap van die koninkryk verstaan, verander alles. Jou oordeel verander, asook jou doen en late, jou gesindheid en godsdienste én jou hele lewe.

As vrygekoopte sondaar wil Paulus hê dat jy sal verstaan dat dit in Gods koninkryk om die Koningwees van God in mense gaan. Dit is 'n koninkryk waarvan jy nou reeds deel is en wat jou so totaal anders in die tyd van aardse konings en koninkryke laat lewe. Dit geld vir jou wat van binne-uit regeer word omdat die Here jou Koning is. God se koningskap heers in jou en dit roer en raak jou hart en wese én jou siel.

Dink daaraan dat die Christene in Rome dit nie mooi verstaan het nie. Dit is die rede waarom hulle twis oor watter dag as die dag van die Here gevier behoort te word. Of mag jy net groente eet, en wat van vleis? Nee, sê Paulus, God se koninkryk is nie 'n saak van eet en drink nie. Sy koninkryk is meer as godsdienstige strukture. Dit gaan om baie–baie belangriker dinge.

Die apostel gaan voort en sê dat God se koninkryk die geregtigheid en vrede en vreugde is wat die Heilige Gees jou gee. Geregtigheid plaas jou oombliklik in God se nabyheid. In sy wese is God reg en goed en waar. Hy het vir jou reg gedoen deurdat Hy die sonde uit jou sonderregister verwyder en op sy rekening geskryf het. Jou saak is reg voor God. Jy verstaan dus ook wat vrede beteken. Dit is die einde van al jou vrugtelose getob oor baie dinge wat nie altyd baie belangrik is nie. Jy het vrede in jou siel omdat jy weet dat die regverdige uit die geloof lewe. Wat jy nie kon volbring nie, het Christus vir jou gedoen. Vrede met God beteken ook vrede in jou en dus ook vrede met jou medemens. Dit alles is moontlik omdat die Heilige Gees 'n gans ander blydschap in jou wakker maak. Jy ervaar 'n vreugde wat meteen 'n sekerheid is dat jou sonde vergewe is. Daar is 'n blydschap in jou wat nie van jou omstandighede afhanklik is nie, maar daarop gegrond is dat jou Here regeer. Wat 'n vreugde! Die goeie nuus waarmee jy kan lewe is: my Here is Koning van sy ryk, Koning van my lewe; Koning van én in my hart. Dink daaraan dat jy 'n koningskind in die koninkryk van jou Here is.

Sing: Skrifberyming 32:1,2

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)